

HOËRSKOOL OOS-MOOT

MIV/VIGS BELEID

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING 3
2. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME 3
3. BELEID 4
4. ALGEMEEN 5
5. GOEDKEURING 5

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Aard van wysiging	**Datum goedgekeur**
Eerste goedkeuring	23 Februarie 2017
Voorsiening vir virtuele vergaderings Voorsiening vir Ondervoorsitter	11 November 2020
Hersien	4 Februarie 2023

1. INLEIDING

Hierdie dokument is die MIV/vigs-beleid van Hoërskool Oos-Moot soos deur die beheerliggaam goedgekeur. Die beleid is in ooreenstemming met die volgende toepaslike bepalings opgestel:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
- die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet');
- die Nasionale Beleid oor MIV/vigs vir Leerders en Opvoeders;
- die Nasionale Beleid oor Leerderaanwesigheid;
- die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998, en toepaslike provinsiale wetgewing.

Die skool besef die erns van die MIV/vigs-epidemie, en verbind homself dus daartoe om met behulp van hierdie MIV/vigs-beleid die maatskaplike, ekonomiese en ontwikkelingsimpak van MIV/vigs op die onderwysstelsel, leerders en opvoeders te beperk en te bestuur.
Die skool erken voorts leerders met MIV/vigs se reg op onderrig. Daarom sal die skool so ver prakties moontlik in die behoeftes van sodanige leerders voorsien.

2. WOORDOMSKRYWING

- **'MIV'** beteken menslike immuniteitsgebreksvirus.
- **'Onbillike diskriminasie'** beteken direkte of indirekte onbillike diskriminasie teen enige persoon op een of meer van die gronde ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.
- **'Universele voorkoming'** is die term wat wêreldwyd gebruik word vir die standaardinfeksiebeheerprosedures of -voorkomingsmaatreëls wat ingestel is om die verspreiding van MIV/vigs van een mens na 'n ander te keer.
- **'Vigs'** beteken verworwe immuniteitsgebreksindroom, dit wil sê die finale fase van MIV/vigs-infeksie.

3. BELEID

3.1 Dit is verbode om enige leerder met die oog op skooltoelating of enige ander doeleinde vir MIV/vigs te laat toets.

3.2 Geen leerder sal op grond van sy/haar MIV/vigs-status toegang tot die skool geweier word nie.

3.3 Dit is verbode om enige opvoeder[1] as ’n voorwaarde vir aanstelling of die voortsetting van ’n dienskontrak vir MIV/vigs te laat toets.

3.4 Geen opvoeder mag as gevolg van sy/haar MIV/vigs-status die reg ontneem word om te onderrig of bevorder te word nie. MIV/vigs mag nie as rede dien vir die ontslag van ’n opvoeder, die weiering om ’n dienskontrak met die voornemende opvoeder te sluit of om ’n dienskontrak te hernu nie.

3.5 Dit is verbode om onbillik teen enige leerder of opvoeder met MIV/vigs te diskrimineer.

3.6 So lank as wat dit vir hulle fisies moontlik is, moet leerders en opvoeders met MIV/vigs in pas met statutêre vereistes skoolaktiwiteite bywoon/onderrig gee. Hierdie deelname mag egter nie ’n ernstige gesondheidsgevaar vir die res van die skoolgemeenskap inhou nie.

3.7 As en wanneer leerders met MIV/vigs onbevoeg is om aan skoolaktiwiteite deel te neem of indien sodanige leerders se teenwoordigheid ’n gesondheidsgevaar vir die res van die skool inhou, sal die skool die akademiese werk aan hulle beskikbaar stel om tuis te doen.

3.8 Indien daar vermoed word dat die teenwoordigheid van leerders of opvoeders met MIV/vigs ’n gesondheidsgevaar vir die res van die skoolgemeenskap inhou, moet die skoolhoof mediese advies inwin. Indien die hoof aan die hand van mediese inligting bepaal dat so ’n persoon se gesondheid wél medies ’n gevaar vir die ander leerders en opvoeders van die skool inhou, moet die hoof die beheerliggaam oor die saak inlig. Nadat die hoof met die beheerliggaam oorleg gepleeg het, moet die beheerliggaam die nodige stappe doen om die ander leerders en opvoeders se veiligheid te verseker.

3.9 Geen leerder (of ouer/voog as verteenwoordiger van die leerder) of opvoeder is verplig om enige inligting oor die MIV/vigs-status van ’n leerder of opvoeder openbaar te maak nie.

3.10 Enige vertroulike inligting oor die MIV/vigs-status van ’n leerder of opvoeder moet as sodanig hanteer word.

3.11 ’n Noodhulpstel moet by alle skoolgeleenthede, soos sportbyeenkomste, toere, uitstappies of enige ander geleentheid waar leerders betrokke is, beskikbaar wees.

3.12 Die skoolgemeenskap moet met die nodige kennis oor MIV/vigs-oordrag en -voorkomingsmaatreëls toegerus word.

[1] Hoewel die beleid na ‘opvoeder’ verwys, word alle personeel in diens van die Departement en/of beheerliggaam hierby ingesluit, en moet die beleid in die bepaalde werksverband toegepas word.

3.13 Geen leerder of opvoeder met ’n oop wond, seer, snywond of skraapmerk mag aan enige kontaksport deelneem nie.

3.14 In geval van bloeding gedurende kontaksport moet die beseerde speler onmiddellik van die sportveld verwyder word en behoorlike behandeling ontvang. Die speler mag slegs na die spel terugkeer indien die wond heeltemal en veilig verbind is.

3.15 As gevolg van die gevaar van MIV-oordrag gedurende kontaksport word alle persone geag besmet te wees en word hulle bloed en liggaamsvloeistowwe as sodanig hanteer.

3.16 Die skool moet ’n deurlopende MIV/vigs-onderrigprogram vir alle leerders en personeel van die skool daarstel. Ouderdomsverwante onderrig oor MIV/vigs maak deel uit van die skoolkurrikulum vir alle leerders, en moet ook by Lewensoriëntering-onderrig geïntegreer word.

4. ALGEMEEN

4.1 Alle leerders en opvoeders sal die regte van ander leerders en opvoeders respekteer.

4.2 Indien enige leerder of opvoeder die regte van ander leerders en/of opvoeders misken en/of in gevaar stel, sal daar ooreenkomstig die skool se gedrags- of dissiplinêre kode teen die betrokke persoon opgetree word.

4.3 Opvoeders het die besondere verantwoordelikheid om te verseker dat die regte en waardigheid van alle leerders en opvoeders gerespekteer en beskerm word.

5. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goed gekeur op ‘n Beheerliggaam vergadering van die Hoërskool Oos-Moot.